http://spilplus.journals.ac.za/

BEDENKINGE OOR DIE POLITIEKE KADER VAN *TUISTE IN EIE TAAL*

R.H. Pheiffer

1. Opset

Hierdie stuk is nie bedoel as 'n oorsigtelike beskouing van J.C. Steyn se Tuiste in eie taal. Die behoud en bestaan van Afrikaans (Tafelberg, 1980) nie. Daarvoor is die inhoud van die werk te omvangryk en bowendien was daar resensies en beskouinge waarin dit gedoen is (byvoorbeeld Combrink 1980, Ponelis 1981, Van Rensburg 1981).

Combrink wys in sy resensie daarop dat die boek (altans wat Afdeling A daarvan betref) 'n bydrae tot die vakliteratuur in Afrikaans is ("'n unieke toevoeging"); hy wys op bepaalde metodologiese benaderingswyses van Steyn by die aanbod van die feitlike inhoud en hy wys ook op die "self-opgelegde taak" wat Steyn in die laaste deel probeer verrig, naamlik "om die Afrikaners wakker te skud vir die werklikhede en eise van ons eie tyd en situasie".

Hier belig Combrink 'n belangrike aspek van die boek, te wete 'n appèl vanuit die vakwetenskaplike situasie na taalgebruikers en lesers buite die vakgebied in verband met "werklikhede" wat ánder faktore as net taal-faktore betrek, met name kulturele, sosiale, politieke faktore. Daar word duidelik deur Combrink gesignaleer dat Steyn se werk 'n aspek het wat die deskriptiewe verbysteek, 'n aspek wat verband hou met die feit (wat Steyn self noem) dat die historiese en sosiale faktore wat op 'n taal se bestaan, groei of verval inwerk, beskryfbaar is, maar ook beïnvloedbaar kan wees, en dat daar iets soos taalbeplanning, taalpolitiek, in ruimer sin, kan wees. En met hierdie aspek, wat ru-weg 'n propagandistiese aspek genoem kan word, hou Tuiste in eie taal hom deurgaans besig. "Steyn se benadering is deur en deur (taal-)polities" merk Ponelis (1980:117) tereg op.

Combrink se oorsig, synde koerantresensie, bied nie die ruimte om enigsins by so 'n omvangryke werk "negatiewe kritiek op dr. Steyn se standpunte uit te spreek of om polemies met sy boek om te gaan nie". Ponelis het ietwat meer ruimte vir sy beskouing, gee ook 'n vollediger oorsig, en raak 'n paar punte van kritiek aan: Steyn se gebruik van "Afrikaner" in gevalle waar "Afrikaanssprekende" beter sou gepas het; en die feit dat Steyn in sy historiese oorsig van die 18de- en 19de-eeuse taalsituasie aan die Kaap nie genoeg aandag aan die verskynsel van diglossie gee nie, naamlik die wyse waarop Kaaps-Hollands as omgangstaal gebruik is, terwyl Nederlands deur waarskynlik dieselfde sprekers in hoër gebruiksfere gebruik is. Myns insiens is dit belangrike faktore

http://spilplus.journals.ac.za/

wat Ponelis (1980:119) uiteensit: die feit dat "die terrein wat Nederlands aan Engels moes afstaan, nooit aan Afrikaans behoort (het) nie", waardeur 'n nuwe situasie van diglossie ontstaan het.

'n Derde punt van kritiek wat Ponelis, eintlik net by implikasie, opper, is dat Steyn, waar hy probeer om die "mite van die bose Boer" te besweer, ook probeer om die negatiewe implikasies wat die apartheidsideologie vir die beeld van Afrikaans gehad het en nog het, weg te redeneer en dat dit nie gedoen kan/moet word nie.

'n Vierde, kleiner punt, is dat Ponelis in sy slotparagrawe aandui dat hy meen dat Steyn se werk "korter kon gewees het", hoewel hy nie hierop uitbrei nie.

Van Rensburg, op sy beurt, wys op 'n neiging van Steyn om op uitsprake te wys wat teenstrydige sienings huldig, sonder dat hy 'n keuse maak. Ook voel hy dit as 'n leemte aan dat die magdom gegewens wat in die boek vervat is, nie in diepte geïnterpreteer word nie.

Hoofsaak is dat sowel Combrink as Ponelis en Van Rensburg (ook ander resensente) die onbetwiste omvangryke positiewe kwaliteite van hierdie belangrike werk oor Afrikaans noem, waarmee mens jou kan vereenselwig.

Wat ek graag hier verder nou wil doen, is om sekere punte te opper wat by die deurlees van Steyn se werk vrae oproep. Dit sal selde vrae van 'n feitlike aard wees, want Steyn se erudisie, gegewens en bronneverwysings is formidabel en sal selde weerlê kan word. Dit is eerder vrae wat te doen het met wat Ponelis noem die kwessie van waardes en die interpretasie van sekere situasies. Dit kom soms ook neer op die aannames, die onderliggende presupposisies, wat mens by Steyn vermoed en wat nie eksplisiet geformuleer is nie, en waarmee mens in diskussie wil tree.

In dié opsig moet hierdie bydrae gesien word as 'n poging om sekere houdings en aannames in Steyn se werk van nader te bekyk, en die vraag te opper of daar nie ook alternatiewe bestaan nie. Die skrywer het, soos Ponelis dit baie raak stel, die boodskap tuisgebring dat die euforie oor die "wonder van Afrikaans" tot die verlede behoort. Steyn het 'n besinning en 'n debat oor Afrikaans op 'n nugter en feitlike basis aan die gang probeer sit --- wat opgevolg moet word en waarby foute van die verlede, houdings en aannames behoorlik bekyk en ondersoek moet word as daar tot 'n meer rasionele en hoopgewende vooruitsig gekom wil word.

Hoewel daar dus in Tuiste in eie taal 'n groot hoeveelheid materiaal is waarmee mens nie kan twis nie en wat as onomstootlik aanvaar moet word, is daar ook punte waarop mens van die skrywer kan verskil of altans minder seker kan wees van die juistheid van sy aannames.

2. Taalbewegings en die eksterne geskiedenis van Afrikaans

Een van die eerste punte wat begin kwel het by die lees van die boek, is te vinde by Steyn se analise van taalbewegings, naamlik die noue verbondenheid van taalstryde met nasionalismes. In die beskrywing van 'n aantal taalbewegings wat Steyn in Hoofstuk 3 gee, kom daar telkens nie-taalkundige kenmerke aan die lig waarby 'n mens wil vassteek en vra:

http://spilplus.journals.ac.za/

as jy die taalbewegings en -handhawingsveldtogte op sigself aanvaar en goedkeur, soos hulle hul in die verlede voorgedoen het, keur jy by implikasie alle aspekte wat daarmee saamhang óók goed? Steyn stel dit pertinent: "Die geskiedenis leer dat 'n taalbeweging nie kan slaag sonder 'n stryd aan die politieke, ekonomiese en kulturele 'front' nie. Die ekonomiese stryd is nodig om die bevolking op te hef... . Die politieke stryd is nodig vir die verkryging van amptelike gelykgeregtigheid en die kulturele vir die verwerwing van 'n kulturele aantrekkingskrag" (p. 90); "die vernaamste deel van die taalstryd is die stryd om funksies in die staatsdiens, weermag, geregshowe en wetgewende liggame. Die sukses van die Vlaamse Beweging wys 'n mens hoe 'n taalgemeenskap hierdie funksies kan verwerf: deur die algemene kiesreg" (p. 83).

Dit so synde, vra mens jouself af wat die implikasies hiervan vir ons eie tyd en land is? Kan in ons huidige Suid-Afrikaanse opset ongebreidelde nasionalismes van hierdie aard ongekwalifiseerd as wenslik aanvaar word? "Militêre en politieke magteloosheid is vir 'n taalgemeenskap gevaarliker as ooit" sê Steyn op p. 98. As taal en volk een is, en die behoud en bevordering van tale (nie net Afrikaans nie) die moeite werd is, en 'n nasionalistiese strewe so 'n inherente deel van taalhandhawing is, kan ons in Suid-Afrika die bevordering van tale via die bevordering van 'n aantal nasionalismes werklik bekostig? Waar ons reeds sit met 'n klaarblyklik onontwarbare gedeeltelike deureenloop van taalgemeenskappe, hou die moontlikheid van soveel afsonderlike nasionalismes nie enorme risiko's in nie? Is die 19de-eeuse model nog sonder meer bruikbaar? Is dit nie gewens om strategieë te ontwikkel wat taalhandhawing en nasionalisme van mekaar ontkoppel nie? Aan die ander kant, gesien die feit dat taalbevordering saamhang met kwessies soos algemene kiesreg --- hoe gaan ons dit binne die Suid-Afrikaanse opset akkommodeer? Dit is vrae wat in die hart gryp van ons huidige situasie --- en hulle kon miskien reeds in die omgewing van p. 90 al gestel gewees het.

Hulle doem weer op op pp. 141-142, waar die stryd van Afrikaans tydens die Eerste Afrikaanse Taalbeweging om vir homself meer funksies te verower, beskryf word. Kan daar vandag nog dieselfde gedoen word met elke taal in Suid-Afrika? Het ons die tyd en die geldmiddele om elke swart taal dieselfde proses te laat deurgaan? Is dit doenlik en/of wenslik? 'n Mens vra jou af --- gun jy dieselfde moeisame stryd aan elke taal in Suid-Afrika, of is daar vandag ander faktore wat dit verouderd en onwenslik maak? As dit vir Afrikaans iets kosbaars en moois is, retrospektief, geld daardie sentiment ook vir die swart tale in Suid-Afrika vandag? Of moet ons in die 20ste eeu anders hierteenoor staan? Steyn opper nie eintlik hierdie (myns insiens tog aktuele en tergende) vrae nie.

Hy behandel in 'n ander afdeling die afname in taalbewegings vanweë die "a-historiese, a- of selfs anti-nasionale houding" van sommige jongeres (p. 95). Ook hier lyk dit of Steyn se aanname implisiet en prinsipieel is dat die nasionalistiese houding sonder meer 'n wenslike houding is en hy opper nie die implikasies dáárvan by wyse van vraagstelling nie.

Nog eens blyk daar genoeg rede te wees om te wil soek na 'n ontkoppeling van taalhandhawing en nasionalisme, aangesien dit in belang van taal mag wees om sy behoud langs ander weë as ontwakings van nasionalisme en/of etnisiteit te bevorder.

http://spilplus.journals.ac.za/

'n Verdere probleem wat hom kan voordoen, is dat 'n groep sprekers dalk nie daardie doel wil nastreef nie, dit selfs as onwenslik kan beskou; dat hulle meen dat hul byvoorbeeld beter kan vorder --- ekonomies, opvoedkundig, politiek --- as hul met 'n ander groep sou saamwerk, met 'n gemeenskaplike taal (vergelyk byvoorbeeld die voorkeur vir die gebruik van Engels as voertaal in die swart onderwys). Hoe beredeneer jy dus überhaupt die behoud en voortbestaan van 'n taal as die sprekers self hom nie wil bevorder nie? 'n Prinsipiële vraag na die behoud van alle tale sou ook geopper kan word. Steyn aanvaar dit as vanselfsprekend dat tale nie verlore moet gaan nie, so wil ek aanneem. Daar is geen waarlik belangstellende in taal en tale wat dit nie sou aanneem nie, sou mens kan sê --- maar die prinsipiële argumente daarvóór... Sou hulle nie geformuleer moet word nie?

Want hiermee kom ek by die volgende punt waar ek 'n opmerking by Steyn se betoog sou wou plaas, naamlik die begin van sy relaas van die eksterne geskiedenis van Afrikaans. Op pp. 104-106 behandel hy die ondergang van die Khoe-beskawing --- deur getalleverlies en onderploeging deur die nuwe Hollandse beskawing. Maar hier het ook 'n taal, tale, klein tale verdwyn. Die San se verdwyning behandel hy selfs veel te summier. Hy skryf dat hulle deur swartes, wittes en Khoen uitgeroei is. Maar daaragter steek 'n verhaal van grootskaalse menseslagting waartoe Hollandsprekendes (Kaaps-Hollandssprekendes) 'n baie groot deel bygedra het. Afgesien van alle ander oorwegings het hier ook relatief klein tale deur fisieke geweld op ondergang afgestuur. Steyn toon egter geen jammerte daaroor in vergelyking met die besorgdheid (partydigheid) wat hy in die eerste afdeling vir klein tale openbaar nie. Onder die slagtings wat hy uit die geskiedenis aanhaal (op pp. 27-30) wat tale uitgewis of byna uitgewis het, sou dié onder die San ook genoem moes gewees het. Met misprysing noem hy (p. 30) die negatiewe invloed wat die koms van die blankes in Amerika op Indianetale gehad het, maar die taalverplasing by die Khoen verhaal hy sonder enige tekens van spyt. Ek vind dit 'n anomalie.

Waar die omstandighede bestaan dat 'n proses van taalverplasing kan plaasvind, kry ons die volgende by Steyn: As dit Afrikaans is wat 'n ander taal verplaas, skryf hy sonder kommentaar (miskien selfs goedkeurend) daaroor, bv. op p. 126, waar dit gaan oor die verplasing van die Namataal deur Afrikaans. Waar dit gaan oor die moontlike verplasing van Afrikááns praat Steyn egter van "gevaartekens vir 'n taalverplasing" (p. 131), "die gevaar van taalverplasing" (p. 168); "die gevaar van taalverskuiwing" (p. 171).

Die aanname waaroor die gaan, is die wenslikheid van taalnasionalisme ten gunste van Afrikaans, maar die ewe basiese vraag wat daarby rys, is een wat Steyn self op p. 163 kortliks formuleer: "Hoe kan 'n mens in 'n bedreigde meertalige land jou taalnasionalisme versoen met 'n patriotisme wat vereis dat jy nie die sprekers van 'n ander taal aanstoot gee en deur moontlike twis die krag van die staat ondermyn nie?" Die vraag bly natuurlik staan ook al was dit nie 'n kwessie van 'n bedreigde land nie. Dit is 'n kernvraag wat Steyn hier aanraak, maar origens nie prinsipieel uitvoerig uitwerk nie.

Hy beweeg elders rakelings daaraan verby as hy op p. 187 skryf oor Botha en Smuts se houding teenoor Afrikaans in die eerste dekades na Uniewording: "die Botha- en later die Smuts-regering (het) noodgedwonge die belange van Afrikaans opgeoffer aan nasionale eenheid". Dit is die probleem van groepsnasionalismes (taalnasionalismes inkluis)

http://spilplus.journals.ac.za/

versus nasionale eenheid. En die vraag wat prinsipieel beredeneer sou moet word, is tot watter mate ons in die huidige Suid-Afrikaanse opset prinsipieel nog nuwe (dit wil sê swart) taalstryde kan of moet verwelkom. Dit word 'n hoogs komplekse probleem, waaroor 'n hele stuk navorsing seker nog nodig is. Die vraag waarby Steyn nie uitkom nie, is of die verengelsing (byvoorbeeld in swart onderwys, bestuursapparaat) op sigself noodwendig 'n euwel is en of dit in die konteks van die huidige plurale Suid-Afrikaanse opset in die geval van sprekers van swart tale nie verkieslik sal wees bo 'n reeks taalstryde op die patroon van die 19de-eeuse taalbewegings nie? Dis 'n dilemma wat duideliker geartikuleer kon gewees het.

3. Houding teenoor Engels

Bogenoemde bring ons logieserwys by 'n volgende diskussiepunt --- een wat uiteraard dikwels in Steyn se boek opduik: die houding teenoor Engels en verengelsing.

Hier en daar sluip daar naamlik 'n toon in Steyn se styl in wat ek as chauvinisties sou wil bestempel, en dan bedoel ek dit in 'n nogal ongunstige sin. Dit kom voor waar hy neerhalend en effens gegriefd skryf oor Afrikaanssprekendes wat hul van Engels bedien, wat hy interpreteer as tekens van minderwaardigheidsgevoel en onderdanigheid. Byvoorbeeld op p. 129: "Hier is reeds iets van 'n minderwaardigheidsgevoel en onderdanigheid teenwoordig wat tot in ons tyd by party Afrikaners voortbestaan het: 'n Afrikaner behoort Engels te ken, en as jy onder sekere omstandighede jou eie taal gebruik, moet jy ekskuus vra". Hier klink 'n effense sarkasme en nydigheid deur teenoor die Afrikaner wat Engels gebruik, wat nie in 'n ewewigtige beskouing tuishoort nie.

Dit sou nie vermeldenswaardig gewees het as dit nie was dat dit meermale terugkeer nie, en selfs 'n simptoom word van wat ek sou wou noem Steyn se onnodige angsvalligheid ten opsigte van Engels. Op hierdie punt wil ek uitbrei, want êrens vra ek my af of 'n pro-Afrikaanse houding noodwendig as korrelaat 'n anti-Engelse hoef te hê, trouens, of dit nie die saak van Afrikaans skade aandoen nie as sy propageerders blyk gee van 'n gegriefde houding teenoor Engels.

Op 'n paar plekke elders in Steyn se boek meen ek 'n toon te ontdek wat hiermee ooreenstem. Op p. 209, waar dit gaan oor die stryd in die veertigerjare tussen moedertaalskole en parallel- en dubbelmediumskole, kom Steyn gevaarlik naby aan die veroordeling van tweetaligheid as ideaal, waar hy byvoorbeeld tweetaligheid in die ou Romeinse Ryk sien as oorgangstadium tot taalverplasing. Hy haal dan 'n uitspraak van J. Chr. Coetzee uit 1942 aan waarin die felle verwerping van parallel- en dubbelmediumonderwys getuig van 'n agterdogtige en eensydige kyk op hierdie saak (by Coetzee én, by implikasie, by Steyn).

Daar sit ook 'n mate van gekrenktheid verskuil in die wyse waarop Steyn verwys na Vrymesselaars en Sons of England op p. 200, terwyl hy die Afrikaner-Broederbond in beskerming neem (sonder dat hy voorbeelde of stawende getuienis aanvoer vir sy bewering dat "talle ondernemings 'n groter invloed op Suid-Afrika uitoefen as die Broederbond"). Meer polemies is die passasie op p. 206 oor twee boeke (dié van Serfontein en

http://spilplus.journals.ac.za/

Wilkins/Strydom) oor die Broederbond, en ook op p. 208 is hy onnodig sarkasties en polemies as hy skryf: "As Afrikaners in alle organisasies so 'n stryd moes aanknoop (soos by die stigting van die Bond van Afrikaanse Mynwerkers --- R.P.) sou dit weer voorspelbare kritiek op die 'fanatieke' optrede van 'identiteitsbehepte' Afrikaners uitgelok het".

Soms grens sy instelling aan selfbejammering: "As 'n mens vir elke liewe reggie 'n verskriklike herrie moet opskop, as die praat van Afrikaans op 'n wetenskaplike kongres 'politiek' is en dus veroordeling kry, as Engelse stadsraadslede vergaderings verlaat of begin rondskuif as iemand Afrikaans praat, dan walg die hele manier van optrede mense soms tot bittere onverskilligheid (of aanstootlike en afstotende uitbarstings)" (p. 229).

Dan weer is sy toon skamper en byna sinies as hy oorweeg watter uitwerking die opheffing van diskriminerende maatreëls moontlik op 'n Afrikaanse groep met 'n laer sosio-ekonomiese status sou kon hê, p. 251: "Dit kan wees dat hierdie groep weinig erg het aan, of selfs antagonisties is teenoor twee groepe Afrikaanse kultuurmense: die tradisionele kultuurmense (feestoespraakmakers, tradisionele kerk- en politieke leiers) en dié wat so verlig is dat hulle die minder-verligtes se vrede en behoeftes skoon vergeet --- teoloë wat ná 'n groot insig en 'n skielike bekering wil hê dat sommer almal moet insien dat alles wat vroeër deurgegaan het as reg, nou sonde is: alle vorme van apartheid, afsonderlike woonbuurte, die Ontugwet, aparte aanbidding. Daar is dié verligtes wat ryk genoeg is om hul apartheid te koop --- in ryk buurte woon en nie nodig het om trein of bus te ry nie en dus opreg en maklik die afskaffing van woonbuurt-, trein- en busapartheid kan bepleit".

Die moontlik nadelige gevolge (onder andere vir Afrikaans) wat die opheffing van diskriminasie onder bogenoemde groep sou kon hê, stel hy simplisties op p. 251, en net vanuit die oogpunt van die blanke gesien. Die potensiële wins vir Afrikaans onder nie-wit sprekers ignoreer hy. Steyn is hier self besig om die bevordering van Afrikaans implisiet te koppel aan die behoud van diskriminerende maatreëls, en daarmee doen hy juis mee aan 'n proses wat vir Afrikaans al groot skade berokken het.

Uit pp. 252-254 spreek daar weer 'n toon van gekrenktheid en antagonisme teenoor Engelse koerante. Klaarblyklik neem hy Afrikaanssprekende lesers van Engelse koerante dit kwalik dat "die kulturele ingesteldheid van sulke koerante in Afrikaanse kringe weerspieël word". 'n Mens vra jou hier af of die leser nie dalk iets inhoudeliks vind wat hom boei in daardie koerante, totaal afgesien van die taalmedium nie? Steyn se uitgangspunt is skynbaar dat die inhoud van wat gelees word van minder belang is as die táál waarin dit verskyn, dat taalmedium vir die leser groter prioriteit moet hê as inhoud. Dit is 'n moeilik verdedigbare opvatting. As die Afrikaanssprekende kind, student, volwassene ontmoedig moet word om Engelse blaaie te lees, het jy weinig grond onder jou voete om die Engelssprekende kind, student, volwassene aan te moedig om Afrikaans te lees!

Om saam te vat: Dit wil voorkom of Steyn dalk te veel geïrriteer word deur tekens van minagting en veronregting van Afrikaans van die kant van Engelssprekendes. Dit gaan hier ten slotte om 'n taal wat 'n hele eeu lank 'n doelbewuste verengelsingsproses oorleef het en 'n posisie van erkenning en gelykwaardigheid bereik het vanwaaruit 'n defensiewe, afwysende houding teenoor Engels onnodig en onvanpas is. Dit is veel belang-

http://spilplus.journals.ac.za/

riker dat strategieë en houdings ontwikkel word wat kleinlikhede (van albei kante) kan oorbrug en agting en waardering aanmoedig.

4. Afrikaans in die twintigste eeu

In Hoofstuk 6, waarin Steyn die groei van die Afrikaanse taalnasionalisme gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu beskryf, is daar ook plekke waarby 'n mens enkele vraagtekens sou kon plaas. In die gedeelte op pp. 217-224, waar dit gaan oor die Ossewatrek van 1938 en die Ossewa-Brandwag (waarteenoor hy hom vry toegeeflik openbaar), het Steyn 'n goeie oog vir die mate waarin hierdie sterk nasionalisties-gekleurde bewegings hul ook vir Afrikaans beywer het. Maar die aspek wat hy verwaarloos, is die feit dat hierdie twee bewegings bra onverdraagsaam teenoor andersdenkendes was (Engels- én Afrikaanssprekend) en sodoende aan Afrikaans 'n "image" van (politieke) onverdraagsaamheid besorg het. Bowendien ignoreer Steyn hier die feit dat daar baie Afrikaners was wat geensins met die OB gediend was nie, en dat daar onder hulle nog weer baie Afrikaners was wat ook nie met die Nasionale Party se politiek saamgestem het nie. 'n Groot deel van die plattelandse Afrikaner was ondersteuners van die Verenigde Party in die oorlogsjare en die destydse identifikasie as't ware van die taalstryd en die voortbestaan van Afrikaans met die Nasionale Party en later die NP-regering het aan die geheel van die taalkwessie 'n politieke basis en karakter gegee waardeur baie Afrikaanssprekendes wat politiek andersdenkend was, gestigmatiseer en afgestoot is. Deur dit binne 'n beperkte politiek-ideologiese raamwerk te plaas, is die saak van Afrikaans in werklikheid ook geskaad in soverre dit die politiek nie-instemmende blanke Afrikaanssprekendes en die groot massa bruin Afrikaanssprekendes se steun nie kon wen nie, en in soverre dit by 'n groot massa Engelssprekendes 'n onpopulêre beeld van Afrikaans opgewek het as iets wat politiek gebonde was. Hierdie negatiewe sy word nie voldoende deur Steyn reeds hier gestel nie.

'n Onvermengde seën was die identifikasie van Ossewatrek, OB, Nasionale Party met Afrikaans op die lang duur vir die taal seer seker dus nie, en die wortels daarvan lê in hierdie tydperk. Steyn stel dit nog heelwat te sagkens as hy op p. 226 skryf: "Die Afrikaanse nasionalisme was nie in alle opsigte 'n taalnasionalisme nie. Dit het nie die hele taalgemeenskap aangevuur nie, maar net die blanke deel". Die fout lê in die slotsin. Selfs nie eens die hele blanke Afrikaanse taalgemeenskap is aangevuur nie, maar slegs 'n deel daarvan, vanweë die spesifieke politieke konnotasies wat aan die taalstryd gekoppel geraak het. Die negatiewe aspek van die "Ossewagees" word slegs heel vlugtig in een sinnetjie op p. 229 aangeraak, terwyl dit in werklikheid veel gedoen het om aan Afrikaans 'n te eng beeld by andersdenkendes en anderstaliges te besorg.

Die onvermoë of onwil van die Afrikaanse beweging om bruin en swart sprekers by hom te betrek, was 'n groot versuim, dit stel Steyn tereg reeds pertinent op p. 227. Hy kon meer eksplisiet gewees het en byvoorbeeld daarop gewys het dat daardie vervreemding van die bruinman deels daaraan te wyte was dat Afrikaanse kultuurverenigings, kunswedstryde, universiteite, akademiese en professionele verenigings vir hom gesluit was.

http://spilplus.journals.ac.za/

'n Punt waarvan Steyn hom nie voldoende bewus toon nie, is die belang van die beeld wat 'n taal (i.c. Afrikaans) by anderstaliges het. Afrikaans as 'n OB/Broederbond/NP-taal maak geen kans op aanvaarding by die groot meerderheid Engelssprekendes (wit en nie-wit) nie. En dikwels berus daardie beeld op 'n onnodig bekrompe, eensydige siening wat nie eerstehands opgedoen is nie. Hier kom die belang van die parallel- en dubbelmediumskool weer te sprake. Die ervaring leer (byvoorbeeld aan 'n Engelssprekende universiteit) dat jong Engelssprekendes wat van 'n enkelmediumskool af kom, Afrikaans (selfs na tien jaar onderrig) nog nie ontdek het as kommunikasiemiddel nie; dit is vir hulle alte seer nog slegs iets wat uit 'n grammatikaboek geleer is en waarin 'n memoriseringseksamen afgelê is. Kontak met Afrikaanssprekendes (veral in 'n stedelike milieu) is soms vrywel afwesig. Die Engelssprekende kind uit 'n parallelmediumskool daarenteë kan kommunikeer in Afrikaans, is meestal nie skaam om te práát nie, het 'n gans ander beeld van Afrikaans, eerstehands opgedoen. Dit is 'n wins vir Afrikaans op 'n front waar dit vir die taal lewensnoodsaaklik is om wins te maak. As Afrikaans sy getalle sprekers of half-sprekers wil uitbrei, moet hy dit immers onder anderstaliges doen, en die belang van lewende, welwillende kontak kan nie oorskat word nie.

5. Afrikaans en kleurvooroordeel

Hoofstuk 8: Steyn probeer hier in voëlvlug 'n oorsig gee van hoe die Afrikaner se kleurvooroordeel ontwikkel het. Hy is op ingewikkelde sosio-historiese terrein en probeer met grepe uit die geskiedenis toon hoe 'n begryplike vooroordeel teen swartes by die Afrikaner kon ontwaak en ook ontwaak hét. Steyn skryf onmiskenbaar vanuit pro-Afrikaner standpunt en dit lê buite my veld om op hierdie deel 'n verantwoorde kritiek behalwe as leek te gee, aangesien dit gaan om die sosiale geskiedskrywing.

Die wyse waarop Steyn egter byna konsekwent geïmpliseerde verwyte teenoor die Afrikaner probeer weerlê, gee hieraan tog 'n merkbare tendensieuse toon. Onder andere beweer hy (op p. 262) dat die belangrikste rede waarom Afrikaners in die verlede nie méér vir swart onderwys gedoen het en so van Afrikaans en/of Nederlands 'n onderwystaal gemaak het nie, die Afrikaner se armoede was en nie sy rassevooroordeel nie. Hy noem in dié verband die verarming in die 19de eeu, na die "Engelse" oorlog (hy vermy steeds die term Anglo-Boere-oorlog) en gedurende die depressiejare van en na 1933.

Maar selfs vir 'n leek klink dit oordrewe verontskuldigend. Die onderwys is tog die verpligting van die owerheid en die Afrikaner het vanaf 1910 volledige stemreg gehad. Hy was trouens vir 'n tydperk na 1924 aan die bewind (het dus beskikking oor staatsfinansies gehad) en vanaf ongeveer 1920 het hy beskikking gehad oor Afrikaansmediumskole en universiteite, en die feit dat hy nie dáár swartes of bruines toegelaat het nie (of toelating bepleit het nie) lyk selfs vir 'n leek na 'n klaarblyklike bewys dat die basiese oorweging een van kleurgevoel was en nie armoede nie.

Steyn het dus 'n neiging om op 'n verontskuldigende toon te skryf oor sekere aspekte van die Afrikaner se verlede. Wanneer hy by sy konklusies kom, probeer hy egter 'n nugter, ewewigtige oordeel gee. So kom

http://spilplus.journals.ac.za/

hy laer af op p. 264 tog tot die konklusie dat dit kleurvooroordeel was wat gemaak het dat die betekenis van bruin- en swartmense in die taalstryd onderskat of geïgnoreer is.

'n Soortgelyke situasie ontstaan op p. 276, waar Steyn probeer om eers verontskuldigend te skryf oor die Nasionale Party se afskaffing van die Kleurlinge se stemreg na 1948. Hy vermeld sonder kommentaar die argument van die "misbruik" van die Kleurlingstem om die VP te bevoordeel. Hierdie skynrede (want alle partye kon net soveel kiesers registreer as hulle wou, die NP inkluis; en as daar inderdaad misbruik was dan kon daarteen opgetree gewees het in plaas van die stemreg af te skaf), weerlê Steyn hier nie self nie, hy staan ook nie krities daarteenoor nie. Dit lyk asof hy 'n verontskuldiging wil aanvoer, wanneer die klaarblyklike hoofrede die selfbelang van die Nasionale Party was en nie bona fide begaandheid oor gemeende verkiesingswanpraktyke nie.

Steyn kom egter tog tot die kern van die saak op p. 274 wanneer hy ronduit erken dat dit in eiebelang geskied het en 'n fout was. Hy skroom nie om die vervreemding van die bruinman na 1948 deur apartheidsmaatreëls uiteen te sit nie en die vereenselwiging van Afrikaans met apartheid en die skade wat dit beteken het, gaan hy nie uit die weg nie. Die vraag is net of Steyn werklik die volle omvang en diepte van die bruinman se desillusie en verbittering besef.

Hy bederf sy betoog egter deur 'n slot daaraan toe te voeg wat spekulatief en onnodig is --- naamlik deur te betoog dat sake onder 'n VP-bewind vir Afrikaans nie beter sou gewees het nie. Die hele p. 305 is 'n vrugtelose en totaal onkontroleerbare stuk spekulasie oor wat sou gewees het as die VP aan bewind gebly het, en wel in so 'n negatiewe trant dat dit baie opsigtelik begin lyk na 'n poging om weer weg te skram van die erkenning dat Nasionale Party-beleid Afrikaans in sekere opsigte baie skade berokken het.

6. Huidige situasie en prognose

Vanaf Hoofstuk 9 (dit wil sê Afdeling C) kom Steyn dan tot 'n oorweging van Afrikaans se huidige posisie en waag hy hom aan 'n prognose. Hy bou 'n taamlik gedetailleerde beeld op van die bedreigde posisie waarin Suid-Afrika verkeer. Die meeste van sy gegewens lyk of hulle uit betroubare bronne gehaal is en dek 'n wye veld.

Tog is daar geleenthede waar 'n mens vraagtekens kan plaas by sy uitgangspunte. So byvoorbeeld op p. 315 waar hy die amptelike statistiek se prinsipiële onjuiste benadering in taalkwessies navolg deur eers te praat van die 1 797 059 Afrikaanssprekendes "in die Republiek" en dan net daarna te sê dat daar 1 619 726 Kleurlinge is wat Afrikaanssprekend is. Die implisiete of eksplisiete skeiding van wit en bruin sprekers van 'n taal wanneer dit by statistiek kom, is taalkundig prinsipieel onaanvaarbaar. (Hy het al op p. 110 'n soortgelyke glips begaan waar hy gepraat het van "die aantal wit sprekers van Afrikaans" wie se getalle gedurende die eerste helfte van die 18de eeu versterk is. Afgesien daarvan dit dit histories te vroeg is om al van "Afrikaans" te praat, is hier 'n implisiete aanname wat onaanvaarbaar is, naamlik: watter

http://spilplus.journals.ac.za/

taalkundige gronde is daar hoegenaamd om hier te praat oor slegs die wit sprekers van die taal se getalle wat versterk is? Alle sprekers van die taal se getalle is tog immers versterk as die wit sprekers toegeneem het? Hier word 'n kunsmatige onderskeid ingevoer wat weliswaar op p. 123 enigsins geneutraliseer word wanneer Steyn daarop wys dat Afrikaans se krag daarin gelê het dat dit die taal was van sowel wit as bruin sprekers.)

Die lang reeks gegewens wat hy in Hoofstuk 9, paragraaf 3 aanhaal om te staaf hoe Afrikaans in sy gebruik in hoë funksies afgeskeep word, betref soms bra onbenullige insidente. Soms het 'n mens die indruk dat die houding vanwaaruit hy skryf aan kleinserigheid grens en 'n enkele keer is hy ronduit onregverdig in sy kritiek wanneer hy op p. 321 kla oor "'n ernstige tipe amptelike taaldiskriminasie" by die opleiding van swart verpleegsters, polisiemanne ens. wat alleen deur medium van Engels geskied. Die feit is dat vir hulle Afrikaans in die meeste gevalle 'n derde taal is en dan is dit tog onregverdig om te verwag dat hulle hul beroepsopleiding daarin moet ondergaan. Dit is klaarblyklik 'n pedagogies onjuiste eis en een wat vir Afrikaans voorkeurbehandeling sou opeis wat geen goeie resultate in die praktyk van taalhoudings sou hê nie.

Op p. 338 is daar 'n bedenklike passasie waar Steyn in sy bra swartgallige siening van die Suid-Afrikaanse "swakhede", 'n veralgemenende beskuldiging rig aan die intelligentsia "wat byna net so dikwels die kluts kwytraak as gewone mense". Die slegs negatiewe wyse waarop hy hier oor hul skryf as sou hul slegs maar 'n sagmaak-rol speel en morele ondermyning in die hand werk, dui op 'n eensydige aanname.

Elders lyk dit byna of hy implisiet aanneem dat mense wat nie wit is nie vanselfsprekend geneig is om medewerkers van terrorisme te wees. Op p. 339 kom hy baie na aan so 'n implikasie as hy skryf: "Verder het groot dele van die Suid-Afrikaanse platteland 'n baie klein blanke bevolking. Dit maak die toestand gunstig vir terroriste om die soort oorlog te voer wat Mao voorstaan". Dit lyk my na 'n growwe en onregverdige veralgemening teenoor dié (dikwels heel konserwatiewe) bruin en swart plattelandse bevolking wat lede van die onderwyskorps, polisiemag, verplegingsdiens e.d. oplewer en wat geen ander begeerte het as om normale behoudende en rustige gemeenskappe te vorm nie.

Steyn weet heel goed waar die oplossing vir heelwat van die bedreiging gesoek kan word --- en skroom nie om dit te sê nie, sy dit heel kortliks (p. 343): "'n sterk weermag en 'n regverdige politieke en ekonomiese beleid wat aan diskriminasie 'n einde maak, is voorwaardes vir die oorlewing van Suid-Afrika". En op p. 348: "Die opheffing van die swartes en bruines --- 'n noodsaaklike voorwaarde vir fisieke oorlewing --- skep ook ander geleenthede vir Afrikaans. 'n Verslapping van universiteitsapartheid maak byvoorbeeld opleiding in Afrikaans vir die swart en bruin elite moontlik. 'n Kultuurorganisasie waarin alle Afrikaanssprekende groepe verteenwoordig is, kan Afrikaanssprekendes in staat stel om saam projekte aan te pak, nie noodwendig net om Afrikaans te bevorder nie. Die toelating van Kleurlinge tot alle staatsdepartemente sal nie alleen vir dié groep vordering beteken nie, maar sal die posisie van Afrikaans in die staatsapparaat baie versterk". Op hierdie punte sou Steyn vrugbaar kon uitgebrei het.

Daar is dus wel rede vir kritiek na binne, na die kant van die wit Afrikaner. Maar dit is opvallend dat Steyn maklik wegskram daarvan-

http://spilplus.journals.ac.za/

daan en heelwat aandag wy aan bedreigings van buite en relatief min aan oorsake van binne.

Wanneer 'n mens egter dit sê, is jy bewus daarvan dat jy met die skrywer aan die polemiseer is op 'n gebied wat nie meer taalkundig is nie, maar wel politiek. En dit is een van die probleme wat met hierdie werk van Steyn opduik, naamlik dat, aangesien hy die taal in sy sosiale en politieke konteks beskou, hy vanuit sekere --- sy eie --- sosiale en politieke aannames, opvattings en vooroordele skryf. En die onbehaaglikheid waarin die leser hom kan bevind, is dat hy oor suiwer taalkundige kwessies met Steyn roerend eens kan wees, terwyl hy hom op staatkundige en politieke punte, wat ook meespreek, met Steyn in konflik bevind.

Moontlik is Steyn nie versigtig genoeg om die punte waarop meningsverskil van hierdie aard kan ontstaan, genuanseerd en ewewigtig te stel nie. Dat hy toelaat dat persoonlike opvattings en vooroordele meespreek, gee meermale 'n kontensieuse karakter aan sy werk.

Wanneer Steyn vervolgens die taalbeleid in ander meertalige lande nagaan, kom daar boeiende en leersame gegewens aan die dag (Joegoslawië, Indië). As hy dan die blik na Suid-Afrika wend en die kanse van Afrikaans in 'n moontlike eenheidstaat oorweeg, raak die prentjie weer somber. Sy siening van die posisie van Afrikaans in 'n eventuele swart eenheidstaat is ronduit pessimisties. Sy prognose hier berus ook op 'n aantal aannames van waarskynlikhede en moontlikhede, byvoorbeeld dat Engels die enigste offisiële taal sou word; dat ondernemings (waaronder Afrikaanses soos Volkskas, Nasionale Pers, Sanlam) genasionaliseer sou word; dat onderwys deur medium van Afrikaans kan verdwyn; en dat Afrikaanse televisie 'n knou sal kry.

Steyn gaan dan daartoe oor om spekulatief alternatiewe modelle vir 'n toekomstige staatsvorm te bespreek, en die dilemmas wat elkeen kan meebring kortliks aan te toon. Een van die basiese dilemmas hier, ook vir Steyn, is dat hy tegelyk twee botsende eise probeer nakom: die behoud van 'n <u>blanke</u> groep gebaseer op velkleur en die behoud van <u>Afrikaans</u>, wat deur wit en bruin en swart gepraat word.

Dit is 'n dilemma waaruit hy nie vir homself duidelik 'n uitweg losgedink het nie, lyk dit. Waar hy verskeie alternatiewe modelle op pp. 376-377 bespreek, hanteer hy steeds die begrip van "blankes" asof hulle 'n homogene groep uitmaak. Dit lyk asof sy implikasie is dat die kleurgevoel van die blanke steeds 'n sterker oorweging is en sal wees as taalbelang. Steyn waag dit ten slotte om met 'n eie partisieplan te kom op so 'n wyse dat 'n hoofsaaklik Oos/Wes-partisie van die land tot 'n oorwegend Afrikaanse Westelike gebied sal kan lei.

Hier is hy so diep in die problematiek van staatkundige hervorming en buite die vakgebied van die taal dat sy hele betoog, hoewel interessant, onbeoordeelbaar word. Dit word 'n spekulatiewe spel, waarvan hy die praktiese implikasies nie uitwerk nie, sodat dit noodwendig moet bly steek in oppervlakkigheid. Sy algemene konklusie is egter wel dat 'n gedesentraliseerde staatsvorm die een is wat die beste kanse op die voortbestaan van Afrikaans sal bied. Hy kom tot die gevolgtrekking dat selfs dan nog die "propagering van 'n kragtige taalnasionalisme" nodig sal wees. Steeds kry mens die indruk dat hy dit net het oor <u>blanke</u> Afrikaanssprekendes, dat hy nie strategieë bepleit om <u>alle</u>

http://spilplus.journals.ac.za/

Afrikaanssprekendes hierby te betrek nie, want op p. 384 skryf hy weer: "Afrikaans is demografies in 'n swakker posisie vanweë die veel kleiner bevolkingsaanwas onder sy sprekers as dié in ander taalgemeenskappe". Dit terwyl hy op p. 316 self daarop gewys het dat dit anders is by bruin sprekers.

Dit lyk dus asof Steyn by sy toekomsprojeksies te seer dink vanuit Afrikaans as taal van 'n blanke groep, en hom nie genoeg besi oor die moontlikhede vir Afrikaans in 'n gemeenskap waarin al sy sprekers geïntegreer is nie. Dis opvallend, byvoorbeeld, dat hy 'n nadeel vir Afrikaans selfs in taalgemengde huwelike (Engels/Afrikaans) sien (p. 384), maar dit nie pertinent stel of hy taal-eenvormige huwelike oor die kleurlyn aanneemliker sou vind nie. Dit is vir baie blanke Afrikaners seker 'n "agoniserende" punt waaroor dit hier gaan, maar een wat Steyn nie vreesloos aanpak nie.

Hy kom in sy slothoofstuk weer tot die bepleiting van 'n vorm van nasionalisme, en wel taalnasionalisme. Op p. 437 kom hy tog tot die aanvaarding dat dit 'n "Afrikaanse nasionalisme" moet wees waarin geen onderskeid tussen wit en bruin gemaak mag word nie. Hy bepleit dan ook die verkleining van die verwydering wat daar is en kom tot die belangwekkende stelling: "Dis dus in belang van Afrikaans dat die noue assosiasie met die N.P. en veral sy sondes en vermeende sondes van die verlede verbreek word" (p. 447). Selfs hier, aan die slot van sy werk, bly Steyn nog te seer steek in 'n polemiese toon wat byvoorbeeld op p. 455 neig om oor te slaan in 'n anti-Engelse sentiment. Dit is asof hy nie daarin kan slaag om sy slotkonklusies ruim genoeg te formuleer nie.

Wat Steyn hier in werklikheid sou moet bepleit, gebaseer op talle van sy eie gegewens, is 'n sigbare erkenning en aanvaarding dat Afrikaans nie gebonde is of hoef te bly aan 'n kleurgroep, 'n politieke denkrigting, 'n lewenshouding nie. Daar is 'n meer positiewe benadering denkbaar wat wil erken dat die taal, soos enige taal, nie die draer hoef te wees van net 'n beperkte lewensuitkyk of politieke of stel morele waardes nie, maar dat, om werklik nasionaal te wees, hy alles wat menslik is, in hom sal opneem en uitdrukking sal gee daaraan. Die wydste spektrum van gedagtes, belewenisse, politieke filosofieë, lewenshoudings moet daarin uiting kan vind. Soos die Nederlandse taal, of Engels of Duits of watter taal ook, die draer kon word van elke denkbare soort openbaring van die menslike gees, so kan dit ook nagestreef word vir Afrikaans. Dit is 'n breër visie van wat 'n taal (en 'n literatuur) is en verteenwoordig miskien 'n volgende stap in die groei van Afrikaans.

Wanneer Afrikaans die beeld kan ontgroei wat hy op die oomblik het van behoudendheid, anti-bruin en anti-swart en anti-Engels en gebonde aan bepaalde politieke opvattings en morele kodes, kortom wanneer Afrikaans homself kan bewys as bevrydende, volwaardige, omvattende uitingsmiddel (en tuiste!) vir ons eie tyd en vir alle groepe en hul strewes en wanneer so 'n breër visie op die taal deurdring tot "Afrikaanse" gesagsfigure, kultuurorganisasies e.d., dan oorleef hy. Maar dit sal moet berus op die verwydering van antagonismes en onreg. 'n Kragtige taalnasionalisme is maar 'n gedeeltelike en miskien selfs kunsmatige middel, as die klimaat wat geskep word deur die hanteerders en sprekers van die taal ongunstig is.

http://spilplus.journals.ac.za/

Die kern is miskien eerder die bevryding van Afrikaans van die beperkende elemente wat 'n nasionalisme, soos tot nou toe beleef, op hom kan afdruk. Om te oorleef, moet hy ook belangstelling, welwillendheid, gebruiksgeleenthede en gebruiksbereidheid opwek by dié groepe wat nie noodwendig in 'n taalnasionalisme wil opgaan nie. So 'n uitwaartse beweging van Afrikaans, waarin hy hom juis los toon van tradisionele (politiek gekleurde) nasionalistiese trekke en gewillig toon om toenadering tot talle ander lewenswyses en denkbeelde te soek, hou moontlik 'n positiewe toekoms vir die taal in.

Dit sal die hart en gemoed van die Engelssprekende en swarttaalsprekende moet verower --- en dit is hierdie "uitreikingsaksie", hierdie verruiming van die tuiste wat Steyn nie duidelik genoeg in *Tuiste in eie Taal* uitspel nie.

BIBLIOGRAFIE

Combrink, Johan
1980 "Boek vir elkeen wat Afrikaans liefhet", Die Burger, 27 November 1980.

Ponelis, F.
1981 "Tuiste in eie Taal", Tydskrif vir Geesteswetenskappe 21 (2):116-121.

Steyn, J.C.
1980 Tuiste in eie taal. Die behoud en bestaan van Afrikaans. Kaapstad: Tafelberg.

Van Rensburg, Christo
1981 "Afrikaner moet *Tuiste* lees", Die Vaderland, 28 Junie 1981.

http://spilplus.journals.ac.za/

VORIGE NOMMERS VAN SPIL PLUS

SPIL PLUS 1 (1980)

Jeanne Maartens	Nuwe ontwikkelings binne Chomsky se teorie van kerngrammatika	1-78

SPIL PLUS 2 (1980)

Alta Oosthuizen	Leksikale basiskategorieë. Probleme vir die "working grammarian"	1-217

SPIL PLUS 3 (1980)

Jeanne Maartens	Afrikaanse Sintaksis: 'n evaluering	1-91

SPIL PLUS 4 (1981)

Walter Winckler	Aspekte van die taksonomiese taalkunde	1-166